

## LOFT EINKAMERER BIED MET TROTS AAN:

**Streng geselekteerde duiwe uit die beste bloedlyne in die wereld-Veiling!**

Dit is vir my 'n besonderse voorreg om 'n voorwoord vir die verkoping van my jarelange boesemvriend **Butch Einkamerer** te skryf. Butch is 'n huishoudelike naam in die duiwesport en daar is seker min duiweboere in die land en wereld wat nie bewus is van **Loft Einkamerer** en hulle **prestasies** nie. Butch het deur die jare slegs enkele van sy **topduiwe** aan mede duiweboere beskikbaar gestel.

Na deeglike oorweging het Butch besluit om slegs **Nasionaal en Internasionaal** deel te neem. Enkele stoetduiwe word gehou om jonges te teel vir hokke waar hy teen die **beste** in die wereld kan meeding. Al Butch se vliegduiwe en geteelde jonges, plus minus 80 duiwe word vir 'n **veiling** beskikbaar gestel. Hier is die kans van 'n **leeftyd** vir elke duiweboer oud en jonk om van die **beste teelmateriaal** te bekom.

Butch het deur die jare gestreef om 'n ras duiwe te ontwikkel waarmee hy 'n buitengewone hoe mate van sukses behaal het. Na baie navorsing is die **Einkamerer-Ras** ontwikkel uit die bestes van die **Gaby Vandendebele, Hoben, Hooyman en Koopman** wat letterlik vir duisende rande aangekoop is. Butch het nooit gehuiwer om die bestes vir sewentig tot tagtig duisend rand per duif aan te koop nie.

Die afgelope jare het die kompetisie in die duiwesport **geweldig gestyg** en is slegs die **beste** van **die bestes** in die wereld nodig om **sukses** te behaal. Butch het geen **koste of moeite** ontsien om slegs die beste uit die beste **bloedlyne** in die wereld met mekaar te kruis om die Einkamerer-Ras te ontwikkel nie. Hierdie duiwe vlieg nie net op klub- en Inievlak voor nie maar **kompeteer en presteer** Nasionaal en Internasionaal teen die **bestes** in die wereld.

I as one fancier who competed against Butch for many years wants to say "**Thank you Butchie**" for the **competition** that you have given us, the **pace** you set, made **better** fanciers out of us. We are looking **forward** to the day of your **sale.**

**Good Luck!!!** Faan De Beer (56 jaar in die Duiwesport)